Laerskool Bloemfontein

Goeie waardes maak ons 'n Wenskool.

Webblad: lsbfn.com Besoek ons op facebook: Laerskool Bloemfontein

NUUSBRIEF 2 **2017/01/19**

ONS IS N WAARDE GEDREWE SKOOL

Uit die kantoor

'n Man is eendag onskuldig ter dood veroordeel. Die koning wou nie na sy pleidooie luister nie en hy is uit die troonkamer weggeneem om gehang te word. Vir oulaas skree hy nog oor sy skouer in die rigting van die koning: "As u my lewe spaar, sal ek u perd, daardie een waarvoor u so lief is, binne 'n jaar leer om te vlieg!"

"Toegestaan!" antwoord die verbaasde koning. "Maar as die jaar verby is en my perd kan nie vlieg nie, hang jy." Terug by die huis wou die man se bekommerde familie weet wat op aarde hy beplan om te doen.

"Ag," sê die optimistiese siel, "wie weet? Die onregverdige koning mag dalk die jaar sterf. Of die perd kan vrek. Of dalk leer hy nog vlieg ... "

"Die pessimis sien die probleem in elke geleentheid; die optimis sien die geleentheid in elke probleem."

Een van ons graad 3-maatjies, Antonio Lawerlot, het kander wat na sy niere en bene versprei het. Hy begin Maandag met chemo. Kom ons as skool bid vir hom.

BELANGRIK!! Tydens die eerste kwartaal dra ons die sporthemp en -broekie op Maandag, Dinsdag, Donderdag en Vrydag. **Woensdag is ons akademiese dag en verwag ons dat ons kinders hulle akademiese drag sal dra.** Ons moet trots wees op ons skool en onsself. **Ons verwag dat ons kinders die regte skooldrag sal dra asb.**

Akademiese drag:

SEUNS: Grys kortbroek, Grys kortmouhemp (oopslaan kraag), lang grys kouse met jade streep en swart skoolskoene.

DOGTERS: Jade skoolrok, wit kortmouhemp (oopslaan kraag) Kort, wit kouse en swart skoolskoene Hare: Slegs 1 of 2 poniesterte. Silwer, bruin of swart knippies. Navy of jade rekkies of linte.

Ons skool se waardes is: **Respek, Eerlikheid, Lojaliteit en Uitnemendheid. Kom ons leef ons waardes!**

Bloemies Bid

Hoeveel Weeg 'n Gebed ?

Louise Redden, 'n dame met verweerde klere en 'n uitdrukking van volslae mismoedigheid op haar gesig, stap by die SPAR in. Sy nader die eienaar van die winkel op 'n nederige wyse en vra hom of hy nie 'n paar kruideniersware op rekening vir haar kan gee nie. Saggies verduidelik sy aan hom dat haar man baie siek is en nie kan werk nie, hulle het sewe kinders en hulle het voedsel broodnodig. Die winkelier, John Longhouse, kyk smalend op haar neer en versoek haar om die winkel te verlaat.

Met die behoeftes van die gesin ingeskerp in haar gedagtes, pleit sy: 'Asseblief, meneer! Ek sal aan u die geld bring so gou as wat ek kan.'

John vertel haar dat hy nie aan haar kruideniersware op skuld kan gee nie aangesien sy nie 'n rekening by die winkel het nie.

Langs die toonbank het 'n kliënt gestaan wat die hele gesprek gehoor het tussen die twee. Die kliënt stap vorentoe en sê aan die winkelier dat hy sal instaan vir al die kruideniersware wat die dame nodig het vir haar gesin. Die winkelier sê met 'n baie huiwerige stem: 'Het jy 'n lys van die kruideniersware wat jy benodig?'

Louise antwoord: 'Ja meneer.' "Goed" sê hy, "plaas jou kruideniersware lys op die balanseer skaal en wat ookal jou lys weeg sal ek in gewig die kruideniersware aan jou gee." Louise, aarsel 'n oomblik met 'n geboë hoof, dan haal sy uit haar handsak 'n pen en papiertjie en skryf iets daarop neer. Sy plaas die papiertjie versigtig op die skaal met haar hoof steeds geboë. Die oë van die winkelier en die kliënt rek in ongeloof toe die skaal afgaan en onderbly.

Die winkelier staar na die skaal, draai stadig na die kliënt en sê gegrief, "Ek kan dit nie glo nie." Die kliënt glimlag en die winkelier begin kruideniersware op die anderkant van die skaal te plaas. Die skaal balanseer nie en hy plaas steeds meer kruideniersware op die skaal totdat daar nie meer plek op die skaal is nie. Die winkelier staan daar met groot ergerlikheid duidelik te bespeur op sy gesig. Uiteindelik, gryp hy die stukkie papier van die skaal en kyk daarna met groot verbasing. Dit was nie 'n kruideniers lys nie, maar 'n gebed wat sê: **"Dierbare Vader, U weet wat ek nodig het en ek los dié in U hande."**

Die winkelier gee haar al die kruideniersware wat op die skaal was en staan in geskokte stilte. Louise bedank hom en verlaat die winkel. Die kliënt gee aan die winkelier vyftig dollar en sê: "Dit was elke pennie werd." Dit was eers later dat John Longhouse ontdek het dat die skaal stukkend was, derhalwe is dit net God wat weet hoeveel weeg 'n gebed. Net so weet die liewe Heer ook wat ons nodig het vir vandag, môre, volgende week en elke dag van 2017. Al wat Hy wil hê is dat ons moet vra en Hom vertrou –

Hy sal sorg!

Ons is hier om vir elkeen te bid en vra elkeen om ook saam met ons vir ons skool en sy mense te bid. Onthou asb. van die grys gebedsposbussie in die kantoor by Lee-Ann. Neem asb. vrymoedigheid om u versoeke daarin te gooi. **Kontak asb. een van die volgende ouers:**

Ena Nagel	0724407992
Riette v Staden	0748431303
Ettienne v Staden	0742296709

SEWING 1 2 3

Fixing of clothes, putting in new seams, zippers, adjust size. We make curtains, we do what you do not have the time to do ... everyday needle work.

SEWING 1 2 3

Oberholzer2ria@gmail.com

072 104 3407

We believe in good service

Fast service

Neat service

We complete each job as soon as possible

No hidden costs

OUERKOMITEE

Ken Hom in al jou weë ...

Doel:

Fondsinsamelings regdeur die jaar ten bate van die skool om verbeterings aan te bring waar ookal dit nodig gevind word.

GELUKWENSING!!

Hartlik geluk aan elke personeellid, ouer en leerder wat gedurende Januarie verjaar. Alles wat mooi, goed en geseënd is vir julle nuwe lewensjaar!

VERGADERING!!!!!

Maandag, 23 Januarie om 17:30

in personeelkamer. Hiermee nooi ons elke ouer van Laerskool Bloemfontein om betrokke te raak en die vergadering by te woon om sodoende jou "input" te lewer. Dit is vir ons baie belangrik.

ONTHOU:

Einde van die kwartaal is dit die gebruiklike NETBAL- EN RUGBYTOERNOOI. Ons gaan ouers benodig om ons daardie 3 dae behulpsaam te wees asb.

WELKOM:

Aan al ons graad 1'tjies asook die nuwe leerders in ons skool. Ons glo julle het elkeen jul plekkie gevind en het reeds maatjies gemaak. Geniet hierdie jaar en gaan groot!!

WATERKASKENADES:

Kyk uit vir die BORGVORM wat reeds vir elke leerder uitgedeel is, om sodoende "hartjie"-geld in te samel om hierdie betrokke dag 'n reuse sukses te maak.

Trek jou dagboek nader en teken die datum van 10 Februarie aan. Groot pret. Verskillende speletjies. Baljaar saam met maats!!!

Gedagte van die week:

AS JY ENIGE IETS IN HIERDIE WêRELD KAN WEES, WEES NET JOUSELF!!

Vir loodgieterswerk, bou-, teël- en verfwerk skakel
L.D. van Niekerk by
076 536 1731

TENNIS

Almal wat in aanmerking wil kom vir die tennisligaspan – ons begin Maandag, 23 Januarie en Woensdag, 25 Januarie direk na skool tot 14:30. Tref asb. reëlings vir eie vervoer.

Navrae:
Juf. Leandra 073 093 3027

ELOHIM TRANSPORT

Beste, betroubare en kwaliteit diens!! Ons doen trekke, verwyder en vervoer u goedere teen sakpas pryse!

Skakel: 076 463 3998 of 084 202 0251

RESPEK EERLIKHEID LOJALITEIT UITNEMENDHEID

STUDIE OUERS

Indien u in 2017 wil gebruik maak van die toesigklas, kan u toelatingsvorms by Mev. Wessels of tannie Annatjie kry.

Back to school

Benodig u skryfbehoeftes vir u kantoor, vir u kind se skooltas of sommer net vir by die huis? Ons is al meer as 10 jaar verskaffers van ENIGE soort skryfbehoeftes, papier, toners, cartridges, inke, plakkers, datumstempels en vele meer. Beste pryse!!!! GRATIS aflewering in en om Bloemfontein. Kontak my gerus – Derick 082 856 7402

SELECTIVE HAIR & EXTENSIONS

Special: 30 % afslag op alle kleur tot Vrydag, 27 Januarie. Ons doen ook naels en waxes.

Skakel of WhatsApp nou vir jou afspraak!!

***Wendy – 071 467 2722**

FIN CURE

DEBT RELIEF SPECIALISTS
Manage your future
Waynne: 082 365 6638
Office 113 & 115, 1st Floor, Bloem Plaza
CNR Charlotte Maxeke & East Burger Street, Bloemfontein
Tel nr: +27 87 287 9841
E-mail: bloem@fincure.co.za
www.fincure.co.za

Tina Middagstudie

Ek bied middagstudie "sorg" vir u kind. Ek help met huiswerk van na skool tot 17:30.
Skakel Tina: 076 724 9960.
Vir verwysing skakel:
Elmarie 084 202 0251

Gr. 1-RUGBY

Alle gr.1-seuns wat vanjaar wil rugby speel moet Saterdagoggend 9:00 by die rugbyveld aanmeld. Ons wil graag hê ouers moet asb. kom help. Ons sal 10:00 klaar wees.
Navrae: 083 511 9519

WATERKASKENADES

Datum: 10 Februarie

Elke leerder het 'n borgvorm ontvang, gebruik dit om julle geld in te samel vir die kaskenades. Spaar nou al jou geld, want hierdie mag jy nie mis nie!!

VOORTREKKERS

Begin Dinsdag, 24 Januarie met 'n waatlemoenfees!!

Tyd: Direk na skool tot 14:30.
Registrasiegeld: R435
Betaalbaar voor of op 21 April 2017.
Jagkaartjies beskikbaar by Juf. Stephanie @ R100 per kaartjie. Gelukstrekkings vir persone wat jagkaartjies koop word 3 April gedoen. Pryse is as volg:

1ste prys: 3 Blesbokke en 2 aande gratis verblyf op Doornkloof.
2de prys: 2 Blesbokke en 2 gratis aande verblyf op Doornkloof.
3de prys: 1 Blesbok en 2 aande se gratis verblyf op Doornkloof.

HELP ASB!!!!!

Ons SO-maats is besig om 'n lelike area agter die snoepie te omskep in 'n lushof. Hulle benodig asb. ou tuingoed soos tweedehandse potte,bakke,gumboots, ou geroeste kruiwaens, vurke, grawe, plante, kratte sement, bankies hangmandjies, gebarste koffiebekers of koppies, gieters, room/melkkanne Hierdie klink of julle 'n kans het om van al die ou gemors agter die motorhuis ontslae te raak. Bring asb. alle skenkings na Juf. Nanelle se klas langs die snoepie asseblief.

VIR DIE OORTREK VAN MEUBELS SKAKEL
RM UPHOLSTERY: 074 285 2564

ELLA-GANCE NAILS

Kom maak jou hande mooi!!
Ek doen akriel- /gelnaels, teen 'n bekostigbare prys net vir jou!!
Elmarie – 084 202 0251

VIR DIE MAAK VAN

SLEUTELHOUERS (R40), BEKERS(R40), MOUSEPADS(R40), YSKASMAGNETE(R20) EN STICKERS(R1,50) –
SKAKEL Irma by 071 642 9142
U sal nie spyt wees nie!!!
Irma neem ook pragtige foto's.

BAIE BELANGRIK !!

Gaan eet by **Prellerplein se Spur.** Gooi jou strokie asb. in Laerskool Bloemfontein se "boks" by die ingang. Die skool kry dan 'n persentasie van die maandelikse verkope wat in Laerskool Bloemfontein se "boks" is. Elke maand word 'n strokie uit die "boks" getrek. Die naam kwalifiseer vir 'n "lucky draw" in November. Die gelukkige wenner se skoolgeld kan ten volle betaal word vir 2017.

Spur Steak Ranches
A taste for life

SKAAK

Skaakoefeninge begin 19 Januarie 2017 om 13:45 tot 14:45, Donderdag middae net na skool by die RO-klas.
Ou ligaspelers en voornemende ligaspelers moet kom daagwedstryde speel vir 'n plek in die ligaspan. Beginners van alle ouderdomme is ook welkom. Kontak juf. Marita de Kock vir enige navrae. Daar is geen koste aan verbonde nie!!

KUNS- & KREATIWITEITSKLASSE

Gr. 1, 2 en 3 op Dinsdae
Gr. 4, 5, 6 en 7 op Woensdae
Tyd: 13:45 – 15:00
Kunsgeld: R130 per kwartaal vooruit betaalbaar vir eerste 3 kwartale.

KURSUSSE

KEN JOU KIND
Begin: 25 Januarie (5 weke) Koste: R650

Emosionele Make-Over vir Eva
Begin: 26 Januarie(6 weke) Koste: R800
Navrae: Lizelle - 084 800 4030
Elrina - 074 580 1050

VCSV

Teksvers van die maand
Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.
Psalm 37:5

OPSOEK

Enige wol, breinaalde en hekelpenne, oorskiet lappies, leë blikkies, glas botteltjies met dekseltjies. Al hierdie benodigdhede word gebruik sodat ons SO-maatjies lekker handwerk kan doen. Indien daar skenkings is kan dit direk na juf. Tharina geneem word. Baie dankie dat u bereid is om te help!!

Dance Dominations

Freestyle demo vir almal
Datum: 26 Januarie
Tyd: Direk na skool
Plek: Skoolsaal

Kennisgewings

Donderdag, 19 Januarie
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 2 – 7
Skaak 13:45 – 14:45 (RO-Klas)

Vrydag, 20 Januarie
VCSV tydens skool.
Skool kom 12:00 uit vir die Gr. 1's.
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 2 - 7

Maandag, 23 Januarie
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7
Ouerkomitee vergadering 17:30 in personeelkamer. (Almal welkom)

Dinsdag, 24 Januarie
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7
KUNS- & KREATIWITEITSKLASSE
Gr. 1, 2 en 3 (13:45 – 15:00)
Voortrekkers net na skool tot 14:30.

Woensdag, 25 Januarie
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7
KUNS- & KREATIWITEITSKLASSE
Gr. 4, 5, 6 en 7 (13:45 – 15:00)

Donderdag, 26 Januarie
Skool kom 13:30 uit vir Gr. 1 – 7
Skaak 13:45 – 14:45 (RO-Klas)

Vrydag, 27 Januarie
VCSV tydens skool.

LEERDERRAAD SE GEDAGTE
'n Mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord daaroor kom van die Here af.
Spreuke 16:1

Grapkas

Hoe herken jy 'n blond by 'n begrafnis? **Dit is die een wat die ruiker probeer vang.**

Hoekom maak die blondine net een skoenveter vas? **Op die skoen staan "Taiwan".**

Hoekom gooi die blondine krummels in die toilet? **Sy voer die Toilet Duck.**